DEEL 118 | WEEK 3 | 16 JANUARIE 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




*Op die foto vl: André Jansen van Rensburg, Gerrit Viljoen, Wessel de Wet, Johnny van der Merwe (Skoolhoof), Riaan van Eeden, Johan Botha, Ronnie Ladeira, Danie Myburgh en Gerrie Roos.*

# Senwes Los Nuwe Spore: 'n projek om in gemeenskappe terug te ploeg

Senwes Los Nuwe Spore is 'n projek daarop gemik om terug te ploeg in landbougemeenskappe regoor Suid-Afrika. Wat in April 2025 begin het as 'n eenvoudige terugploeginisiatief deur Senwes se nuwe uitvoerende hoof, Debbie Bester, het intussen ontwikkel tot 'n waardevolle skakel tussen die landboubedryf en plaaslike boere.

Bester het op 'n informele wyse van dorp tot dorp gereis en boere by plaaslike Senwes/Hinterland-takke besoek om eerstehands na hul idees, uitdagings en daaglikse werklikhede te luister. Die doel van hierdie inisiatief is om direkte kommunikasie tussen die verskillende rolspelers in die landboubedryf te bevorder, in lyn met die Senwes Groep se strategie.

In Oktober 2025 het Debbie Bester boere in die Heilbron-omgewing besoek by die plaaslike Hinterland tak, waartydens sy ook die goeie nuus oor Hoërskool Heilbron se nuwe trekker bekend gemaak het. Met Senwes se ondersteuning kon die skool die trekker teen kosprys aankoop, terwyl Senwes ook vir die instandhouding daarvan deur die jaar sal instaan.

Die heel eerste Koffie met Debbie-geleentheid het tydens die Nampo Oesdag op Bothaville plaasgevind. Die projek word in Februarie vanjaar hervat, wanneer boeregemeenskappe regoor Suid-Afrika weer besoek sal word.

Intussen kan Hoërskool Heilbron se ou rooi Massey Ferguson-trekker nou ná bykans drie dekades se pligsgetroue diens 'n welverdiende rus kry.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Nuwe jaar, nuwe drome by Ringerstraat Jeugsorgsentrum




Met die aanbreek van 2026 het Ringerstraat Jeugsorgsentrum ’n nuwe jaar vol hoop en verwagting betree. Vir die kinders wat hier hul tuiste vind, beteken ’n nuwe jaar nie net ’n nuwe kalender nie, maar ’n nuwe kans – ’n kans om weer te droom, te groei en in ’n beter toekoms te begin glo.

Elke kind by Ringerstraat dra ’n unieke storie. Sommige stories begin met verlies, ander met onsekerheid, maar almal word hier met sorg, geduld en liefde ontvang. In 2026 bly die fokus daarop om kinders nie net fisies te versorg nie, maar ook emosioneel te versterk – om veiligheid te skep en hoop weer ’n plek in hul harte te gee.

Vir baie van die kinders neem nuwe drome al vorm aan. Een van die kinders sê anoniem:

“Hier voel ek veilig. In 2026 hoop ek ek kan goed doen op skool en eendag iets word wat ander mense ook help. Ek wil graag glo dat my lewe mooi kan wees.”

Deur gestruktureerde roetines, opvoedkundige ondersteuning en emosionele begeleiding word daar daagliks gewerk om hierdie drome te beskerm en te koester. Klein oorwinnings – ’n glimlag, verbeterde selfvertroue of ’n nuwe doel – dra alles by tot groter hoop.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum spreek hul opregte dank uit teenoor die gemeenskap, vrywilligers en ondersteuners wat help om ’n verskil te maak. Elke bydrae, groot of klein, help om nie net sorg te bied nie, maar ook om kinders se drome lewendig te hou.

Soos 2026 ontvou, bly die boodskap van Ringerstraat duidelik: hier kry kinders die ruimte om weer te hoop, weer te droom en met moed vorentoe te kyk.

Vir meer inligting oor Ringerstraat Jeugsorgsentrum, of indien u graag betrokke wil raak, ’n hand van ondersteuning wil uitsteek of meer wil hoor oor die werk wat hier gedoen word, is u welkom om Elmarie Els-Hammann te kontak by 079 599 4135 of per e-pos by elmarie@vironskinders.org.za.

# Heilbron-veediefstalbeampte ernstig beseer in botsing tussen Edenville en Kroonstad





’n Ernstige motorongeluk het op Sondag 11 Januarie 2026 omstreeks 22:00 op die R34 tussen Edenville en Kroonstad plaasgevind. ’n Konstruksievragmotor en ’n voertuig van die Heilbron-veediefstaleenheid was in ‘n botsing betrokke, waar dit blyk asof die polisievoertuig aan die drywer-kant deur die vragmotor getref was. Die adjudant van die Heilbron-veediefstaleenheid was in die wrak vasgekeer totdat nooddienste hom kon bevry. Volgens kollega’s was hy na ’n hospitaal in Kroonstad geneem, waar hy behandeling ontvang het vir P1-beserings. (P1-beserings dui op lewensgevaarlike beserings wat onmiddellike en kritieke mediese sorg vereis, en word as die hoogste dringendheidsvlak geklassifiseer). Die bestuurder van die vragmotor het ook mediese behandeling op die toneel ontvang, maar verdere besonderhede oor sy toestand is tans onbekend. Die oorsaak van die ongeluk word steeds ondersoek.

# UIT DIE PEN: Week 3



Ek het iets gedurende hierdie week geleer. Maar eers bietjie agtergrondinligting. Ons het weereens ’n groep graad 12s gehad wat verlede jaar eksamen geskryf het.

Hulle het vooraf al die inligting gehad: hoe om die resultate te bekom, hoe om met ons te kommunikeer, hoe om die resultate te interpreteer, waar om hulp en raad te vra. Hulle het alles geweet.

Vooraf het ons met ’n inligtingsessie met al die personeellede gehad. Ons het alle moontlike navrae met die groep bespreek en standaardantwoorde op alles ontwikkel.

Sommige vrae was voor die hand liggend, ander vrae was moeiliker. Maar ons moes voorsiening maak vir dom vrae ook.

Ons het altyd vir mekaar gesê dat daar nie iets is soos dom vrae nie. Maar nee, daar is dom vrae, dit het ek agtergekom. *Common sense* is not that *common anymore*.

Ons personeel was voorbereid op die navrae wat sou kom. Dink ek.

Die vraag wat die meeste gevra word, is hoekom my kind so swak gedoen het? Dit is die vraag wat ons nie sal kan antwoord nie. Want nie een van ons het saam met die kind in die eksamensaal gesit en die vraestel beantwoord nie.

Ons was nie daar nie, ons kan nie kommentaar lewer nie.

“Maar weet jy dat die punte vir die eksamen baie swakker is as die punte vir die verskillende take deur die jaar?” Ja, ons kan dit sien.

“Hoekom is dit so?” Weereens, ma of pa, ek sal nie kan sê nie.

Wat van: “Ek sien dat my kind se punte x of y is. Wil jy nou vir my sê dat die kind x of y punte in die eksamen behaal het?”

Ja, dit is korrek. As dit op die puntestaat staan, en ons het dit met die antwoordstel gekontrolleer, is dit korrek.

“Wil jy nou vir my sê dat my kind dom is?” Nee, meneer, mevrou, ek het dit nooit gesê nie.

“Maar jy dink so?” Nee, ek het vir geen oomblik so gedink nie.

’n Ander navraag lui dat iemand baie geld betaal het om hierdie eksamen af te lê. Dit is die waarheid, want dit is nie ’n publieke sisteem waar die belastingbetaler alles betaal nie.

“Ons het x-hoeveelheid vir die eksamen betaal. Ek het darem ten minste beter punte verwag.” So: jy betaal vir punte? As jy dus twee keer soveel betaal met, moes jou kind seker dan naby 90% behaal het, as ek dit reg verstaan.

*Common sense is not that common.*

Hier is nog een: “My kind se punte is sleg omdat jy/julle hom wil indoen en julle wil nie hê dat hy goed moet doen nie.”

Nee, hierdie een is onverstaanbaar. Soos by die skole, skryf elke kind net sy kandidaatnommer op sy eksamenskrif. Daar is geen manier in hierdie lewe hoe ’n merker sal weet dat hierdie vraestel aan Boetman van der Merwe van Putsonderwater behoort nie. O, ja. En ons hou niks van Boetman van der Merwe nie, daarom gaan ons sommer eksta punte aftrek.

“Julle sal in elk geval nooit julle foute erken nie.”

Nee, wat. Dit is iets wat ons sommer gou-gou sal doen. Ons word tot verantwoording geroep deur ’n nasionale beleid en so ook ander wetgewings waaraan ons moet voldoen.

“Julle wil net geld maak.”

Julle het dit ook al gehoor. Almal “maak” mos geld. Behalwe natuurlik die Groot Arend wat tans in die tronk is en sukkel om vir borg aansoek te doen. Hy het nooit geld gemaak nie, hy het net ander mense se geld gevat deur aan hulle te vertel dat hulle diamante koop. Wat hulle nog nooit onder oë gehad het nie. Maar dit daargelaat.

Kom ons kyk gou waarvoor het jy betaal: jou kind het gedurende die akademiese jaar take en toetse geskryf wat ons moes ontwikkel. En dit vat nie 15 minute om so iets op te stel nie. Daarna is daar memorandumbesprekings sodat elke merker weet waarvoor om op die uitkyk te wees. Ons modereer dan later die gemerkte take. Dit word deur gekwalifiseerde en geregistreerde onderwysers gedoen.

Dieselfde geld vir die finale eksamens. Ons moet goedkeuring kry dat ’n spesifieke vraestel aan alle standaarde en norme voldoen. Ons betaal vir hierdie goedkeuring. Dis natuurlik nadat ’n ellelange proses gevolg is om dit op te stel.

Daarna moet ons al die eksamens laat druk. Sommer ook ’n antwoordboek waarin die persoon kan skryf, want jy kan vir jouself dink hoeveel korrupsie daar sou wees indien ’n persoon sy eie papier na die eksamenlokaal toe moes bring.

Ons moet ook ’n eksamenlokaal voorsien en sorg dat die water en ligte daar aanbly. Dan moet ons toesighouers hê wat vir die hele duur van die eksamen beskikbaar is. Ons moet ’n koerier kry om die vraestel en die antwoordstel by die lokaal te gaan aflaai en te sorg dat alles weer opgelaai word. Daar moet registers gedruk en geteken word.

Daarna moet die antwoordstelle seker iewers gemerk word. Ons betaal vir elke merker, ons betaal om die lokaal te huur en sommer om die merkers te voer ook.

Bogenoemde is net ’n paar van die prosesse waarvoor ons finansieël voorsiening moet maak. Dit is beslis nie goedkoop nie.

Dis nie ’n geldmaakskema nie. Dis om elke proses te dek.

Teen die tyd wat jy hierdie lees, het ons seker al 3000 e-posse soos bogenoemde gekry. En elkeen met liefde beantwoord, in ’n stemtoon wat nie klink soos wat ek voel nie.

Want *common sense is not that common*.

Dit het ek hierdie week weereens geleer.

# DA calls for intervention to prevent illegal dumping in Heilbron

*by Cllr. Robert Ferendale - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron, Ngwathe will formally escalate the ongoing illegal dumping of animal blood and oil at the local quarry by engaging the district health inspector and will write to the municipal manager to secure immediate corrective action and compliance.

I have spent nearly three months investigating the source of the unbearable stench spreading across Heilbron. During this period, I visited the quarry 10 to 15 times per month to determine the cause and extent of the problem. My investigation revealed serious and ongoing non-compliance issues that the municipality has failed to address.

Some of the main non-compliance issues found were:

- Raw blood dam.
- Blood dumped by a local abattoir.
- No chemicals are used to kill germs on this blood.
- Flies plague.
- No maintenance from the municipality.
- Refuse is dumped at the road's entrance.
- No fence.
- People living there in self-made shelters.

Despite repeated calls by the DA for the Municipality to resolve this matter, no meaningful action has been taken. Residents, particularly those in Sandersville, which is adjacent to the quarry, are forced to endure the overwhelming stench daily.

Homes are overrun by flies, making basic activities such as preparing food or enjoying a cup of tea unbearable. Many residents now cook at night to avoid the infestation, highlighting the direct impact of municipal failure on their quality of life.

It has further emerged that a local abattoir allegedly has an agreement with the Municipality to dump blood at the quarry. This raises serious questions about oversight and compliance, as the environmental health and agriculture departments should have ensured that strict measures and regulations were in place. This has clearly not happened.

We have learned that a local abattoir has an agreement with the municipality to dump its blood at the quarry. How can this be? Surely the environmental health department and the agriculture department would have requested that some measures be taken and some compliance regulations be followed.

Our residents can't live like this. They deserve better. Businesses should not only focus on profits but also consider the health of their residents and comply with relevant regulations.

***Cllr. Robert Ferendale,*** *DA Councillor Ngwathe Municipality - 064 863 8203*

***Heidrè Malgas,*** *DA Free State Provincial Media Officer - 065 669 5808*

# Inwoners verlig na vullisverwydering



Sedert vroeg Desember moes inwoners van Heilbron magteloos toekyk hoe hul huishoudelike vullis week ná week ophoop. Teen vroeg in die nuwe jaar is talle inwoners tot breekpunt gedryf, waar sommige inwoners self hul afval by die munisipale kantore gaan aflaai het. Die probleem met vullisverwydering is egter nie nuut nie. Dit is 'n kwessie wat reeds geruime tyd by die plaaslike munisipaliteit broei, en inwoners is lankal bewus daarvan dat onverwagse onderbrekings in dié diens nie meer 'n verrassing is nie. Op die foto (geneem om 14:00 op 23 September 2025) het die munisipaliteit se vullisverwyderingstrok in Kerkstraat onklaar geraak. Munisipale werkers moes inderhaas toesien dat die voertuig uit die middel van die pad verwyder word om verkeersopeenhopings te voorkom. Vanaf Maandag 12 Januarie 2026 kon inwoners met verligting uitsien na die hervatting van vullisverwyderingsdienste. Volgens 'n bron by die plaaslike munisipale kantoor is die kontrak om Heilbron se vullisverwydering vir die volgende 30 dae te behartig — met 'n opsie tot hernuwing aan die einde van die tydperk — aan Khuwait Group Plant Hire Services toegeken. Die maatskappy sal die diens lewer terwyl die munisipaliteit se bestaande vuilgoedkompakteerder-trok steeds herstel word.













# Skole Nuus 2026 - *Graad 1's*



***EERSTE DAG AS GRAAD 1 OP HOËRSKOOL HEILBRON:*** *Vir dié ywerige groep pienkvoete op hul eerste dag as splinternuwe Graad 1's in 'groot skool' is dit die eerste dag van 'n nuwe hoofstuk vol speel en leer in eweveel oormaat. Graad 1A onder Juf. Monica Roux is 21 leerders en die Graad 1B onder Juf Hilde Roos ook 21 leerders.*



*Sandersville Combined se Afrikaanse Graad 1 klas van 2025 spog met 24 van die helderste blink ogies, onder leiding van Me. Alida Roets.*



*Juffrou Charlene Reade van Sandersville Combined Skool se Graad 1 Engelse klas met 'n alleminitige 41 leerders - 'n groot klein klas!*



*The 2025 Grade 1 class at School of Destiny excited about the new year in 'big school' under leadership of Me. Marthie Jordaan and Me. Portia Mokheseng.*


# Star Slaghuis inbraak




*Sondagoggend 11 Januarie was daar weer by Star Slaghuis op Langmarkstraat ingebreek. Misdadigers het net 'n gedeelte van die vertoon venster uitgebreek om sodoende toegang tot die voorste yskas te verkry. Daar was net vleis, koue vleis en kaas vermis, met geen verdere goedere aangemeld as vermis.*

*Volgens die eienaars is die verdagtes duidelik sigbaar op beeldmateriaal vanaf die gebou sekuriteitskameras. 'n Saak van inbraak en diefstal is aangemeld by die plaaslike polisie en ondersoeke duur voort.*

# 100% Matric pass rate for Sandersville, Combined School



Sandersville Combined School in the small community of Sandersville, Heilbron, has achieved an outstanding 100% Matric Pass Rate, and they did so exceptionally well. This remarkable achievement stands as powerful proof that excellence knows no postcode.

Their success helps demystify the myth that township schools are notorious for underperformance. Sandersville Combined has shown that with committed educators, determined learners, and supportive leadership, township schools can - and do - produce results that rival the very best.

We salute the learners for their resilience, the educators for their unwavering dedication, the school leadership for their vision, along with parents and community for their support. In addition: the outgoing Principal also saw to it that the renovation of the larger school building and ablution facilities be completed before handing over to the new principal.

Sandersville Combined School has not only achieved a 100% pass rate, it has delivered a powerful message of hope, possibility, and excellence. Truly a parting gift to be proud of for outgoing principal of Sandersville Combined, Mrs. R.D. Ruiters.

# Matriekuitslae 2025

Die wag is verby. Matrieks wat in November 2025 hul jaareind eksamen geskryf het kon uiteindelik hul uitslae op Dinsdag 13 Januarie 2026 verkry. Verlede jaar het Vrystaat skole die top posisie in die land verower met hul uitslae, maar moes hierdie jaar tevrede wees met 89.33% in tweede plek onder Kwa-Zulu Natal, wat 90.6% behaal het.

Plaaslik het Sandersville Combined uitstekend gevaar met 100% slaagsyfer, gevolg deur Hoërskool Heilbron met 96% en Sediba Thuto met 93.1%, terwyl Phiritona 92.4% behaal het.

Die uitslae soos gesien op die Departement: Basiese Onderwys (education.gov.za) is die resultate van voltydse studente wat die 2025 November Nasionale Senior Sertifikaat eksamen afgelê het. Deeltydse NSS kandidate se resultate is slegs beskikbaar by die eksamen sentrums waar hulle geskryf het.

Oor 900 matrikulante het in 2025 eksamen geskryf wat deur Die Departement toegedien was, oor ‘n totaal van 6000 eksamen sentrums – die grootste klas in die geskiedenis van Matriek jaareind eksamens volgens Minister van Basiese Onderwys, Me. Siviwe Gwarube. Die klas van 2025 het ook Suid-Afrika se hoogste algehele Nasionale Senior Sertifikaat slaagsyfer behaal met 88%, waaronder ‘n rekord van 345 000 studente vrystelling tot ‘n Baccalaureus Graad kon verkry, ongeag die uitdagings in ‘gateway’ vakke (Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde). Algeheel ‘n 0.7% toename in die landswye NSS slaagsyfer tot 88%, vanaf die 2024 uitslae, waar 656 000 leerders suksesvol hul eksamen geslaag het. Baccalaureus vrystellings het wel gedaal vanaf 48% na 46%.

Vir die eerste keer het al 75 onderwys-distrikte in Suid-Afrika slaagsyfers bo 80% behaal. Die Minister van Basiese Onderwys het uitgelig dat prestasie op distrik vlak ‘n sleutel maatstaf is tot landswye vooruitgang, in vergelyking met geisoleerde prestasie wat net in ekslusiewe gebiede gebeur.

1. Kwa-Zulu Natal - 90.6%
2. Vrystaat - 89.33%
3. Gauteng - 89.06%
4. Noord-Wes - 88.49%
5. Wes-Kaap - 88.2%
6. Noord-Kaap - 87.79% (grootste verbetering)
7. Mpumalanga – 86.5%
8. Limpompo – 80.02%
9. Oos-Kaap – 84.17%



# Inwoners neem aksie oor swak paaie in Heilbron

As gevolg van die swak toestand van paaie in Heilbron het inwoners besluit om self aksie te neem. Met hul beste vermoë doen hulle tans herstelwerk aan Piercestraat in ’n poging om die pad veiliger en meer begaanbaar te maak.

Die gemeenskap word versoek om geduldig te wees gedurende die volgende paar weke, aangesien daar aktief aan die pad gewerk gaan word. Padgebruikers word ook aangeraai om versigtig te ry en, waar moontlik, alternatiewe roetes te gebruik.

Intussen is die pad die afgelope week skoongemaak en teer is afgelaai vir die herstelwerk. Heilbron Herald sal die gemeenskap deurlopend op hoogte hou van die vordering en verdere ontwikkelinge rondom die projek.










# Heilbron wateronderbrekings as gevolg van massiewe pyp bars



'n Massiewe waterpyp het Vrydag 9 Januarie 2026 gebars nadat 'n konstruksiespan van UNA Technologies tydens 'n uitgrawings projek per ongeluk 'n hoofwaterpyp beskadig het.

Die voorval het plaasgevind tydens oopgrawings van 'n ou netwerk klei waterpype wat water vanaf die hoofreservoir in Phiritona na die dorp en omliggende gebiede vervoer. Volgens 'n ingenieur van UNA Technologies is daar aanvanklik aanvaar dat die betrokke pyp ongeveer 500 meter dieper as die werklike ligging sou wees. Tydens oopgrawings is egter ontdek dat die pyp veel nader aan die grondoppervlak gelê het as aanvanklik verwag is, wat tot die ongeluk gelei het.

Die betrokke uitgrawings vorm deel van 'n omvattende infrastruktuurprojek waartydens UNA Technologies aangestel is om 'n reeks verouderde klei waterpype in die gebied te vervang met hoëdigtheid-polietileen (HDPE)-pype. Die projek is tans geskeduleer om teen einde Mei 2026 voltooi te wees, hoewel voorsiening gemaak mag word vir moontlike onverwagte vertragings.

Inwoners word ook gewaarsku dat daar tydelike onderbrekings in watervoorsiening aan die dorp en omliggende gebiede kan voorkom, aangesien sekere gedeeltes van die netwerk van tyd tot tyd afgeskakel sal moet word terwyl werk aan die projek voortduur.

---

Liebenbergstrek
Parys
9585
Inquiries: Mr JL Mogorosi
Tel: +27 (0) 56 816 2700
Fax: +27 (0) 56 811 4848
Email: jonasmogoorosi83@gmail.com

**OFFICE OF THE DIRECTOR**
**PLANNING AND LOCAL ECONOMIC DEVELOPMENT**

**Municipal Properties for Lease and Sale**

**1. Erf 881 Kwakwatsi**



**NOTES:**
**ERF NO** 881
**TOWNSHIP** Kwakwatsi
**LOCATION** Koppies
**ZONING** Residential I
**OWNERSHIP DETAILS** Ngwathe Local Municipality
**EXTENT** 961sqm.
**PURPOSE** Carwash and Entertainment
**LEASE PERIOD** 5 Years at a rate of R25.00 per sqm. yearly
**OPENING DATE** 08 December 2025
2. **CLOSING DATE** 02 February 2026

**Portion of 1627 Phiritona**



**NOTES:**
**ERF NO** Portion of 1627
**TOWNSHIP** Phiritona
**LOCATION** Heilbron
**ZONING** Open Space I
**OWNERSHIP DETAILS** Ngwathe Local Municipality
**SIZE** 1 028.08 sqm.
**PURPOSE** Carwash and Entertainment
**LEASE PERIOD** 5 Years at a rate of R25.00 per sqm. yearly
**OPENING DATE** 08 December 2025
**CLOSING DATE** 02 February 2026

**1. Erf 1518 Parys**




**NOTES:**
**ERF NO** 1518
**TOWNSHIP** Parys
**LOCATION** Parys
**ZONING** Noxious Industry
**OWNERSHIP DETAILS** Ngwathe Local Municipality
**EXTENT** 60 501.89sqm.
**PURPOSE** Mixed Used Development
**SALE AMOUNT** R900,000.00 as per valuation
**OPENING DATE** 08 December 2025
**CLOSING DATE** 02 February 2026

**2. Erf No: 14483 Tumahole Ext 8**




**NOTES:**
**ERF NO** 14483
**TOWNSHIP** Parys
**LOCATION** Tumahole Ext 8
**ZONING** Open Space I
**OWNERSHIP DETAILS** Ngwathe Local Municipality
**EXTENT** 102 776sqm.
**PURPOSE** Mixed Used Development
**SALE AMOUNT** R1,540,000.00
**OPENING DATE** 08 December 2025
**CLOSING DATE** 02 February 2026

**Portion of Farm Re 148 Vredefort**



**NOTES:**
**FARM** Vredefort Re 148
**TOWNSHIP** Vredeshoop
**LOCATION** Vredefort
**ZONING** Open Space I
**OWNERSHIP DETAILS** Ngwathe Local Municipality
**EXTENT** 2400 m²
**PURPOSE** Housing Development
**SALE AMOUNT** R60,000.00
**OPENING DATE** 08 December 2025
**CLOSING DATE** 02 February 2026

---

## PUBLIC NOTICE

**Ngwathe Local Municipality(FS203)**

**INVITATION FOR PUBLIC COMMENTS ON PROPOSED DRAFT TECHNICAL POLICIES AND BY-LAWS**

Notice is hereby given in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000), that Ngwathe Local Municipality Council under resolution number **15 of 18 December 2025** intends to implement the following draft Technical Services policies and by-laws for 2025/26 and 2026/27:

1. Draft Electricity Supply Services Policy
2. Draft Water and Sanitation Services Policy
3. Water Services Maintenance Policy
4. Draft EPWP Policy
5. Draft Roads and Stormwater Management Policy
6. Water Supply, Sanitation Services and Industrial Effluent by-law (Cogta PN-212 of 9 Dec 2011)
7. Electricity Supply by-law (Cogta PN-185 of 9 Dec 2011)
8. Draft PMU Variation Order Policy
9. Draft Small-Scale Embedded Generation Policy

**Purpose of the draft policies, by-laws:** These Technical Services policies and by-laws seeks to regulate water, sanitation, electricity, roads and EPWP and improve internal

**Comment Period:** Members of the public are invited to submit written comments, inputs and representations on the above draft Technical Services policies and by-laws from 5th January 2026 to 15th February 2026.

**Access to the Draft Policies, By-laws:** The Technical Services policies and by-laws is available for inspection at all municipal offices and local libraries during office hours, i.e. 8h00 to 15h30 and can be downloaded from the municipal website www.ngwathe.fs.gov.za.

**Submission of Comments:** Comments in relation to policies and by-laws must be submitted in writing to: **The Municipal Manager** Ngwathe Local Municipality P.O.BOX 359, Parys, 9585 or to the following email address: kgomotsoe@ngwathe.co.za Tel: 056-816 2700 or hand delivered at any municipal customer care office

All comments received will be considered before final adoption of the policies and bylaws.


Issued by:

**Dr Futhuli P Mothamaha** **Date**
**Municipal Manager**




Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National




Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller**
**081 849 1877**

# SMALLS

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com




Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir
**Antonio Pienaar**
by die Heilbron Herald
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

SMITH&SMITH
Financial solutions made simple

## JUNIOR / INTERN POSITION

INSURANCE INDUSTRY

We are offering a junior / intern opportunity for a motivated individual who would like to learn and grow in the insurance industry.
No experience required – full training will be provided.

**Requirements:**
- Fully bilingual in English and Afrikaans
- Grade 12 with Mathematics
- Strong attention to detail
- Computer literate (Excel & Word essential)
- Outgoing personality with good people skills
- Willingness and enthusiasm to learn

**Advantageous (but not required):**
- Exposure to the insurance industry
- Experience working in a medical practice or medical administration environment

**This is a client-facing role, so professionalism and communication skills are important.**

**Position based at:**
Smith & Smith Heilbron Office – Wentworth Shopping Centre

START DATE: 1 FEBRUARY 2026

To apply:
Email your CV to shirley@smithandsmith.co.za
Only applicants who meet the above requirements will be contacted.

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

POSTNET HEILBRON

Beperkte aantal Dagboeke vir 2026 nog beskikaar by Office National Heilbron
Kontak Thea 058 852 3033




# DELIVERY & COLLECTION

## between Heilbron and Vaal Triangle

## Monday, Wednesday and Friday

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078




Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel


# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# HERALD Sport

# Naelbyt stryd tussen Heilbron en Route 66 Mustangs

Theuns Botha het verwoesting gesaai onder Mustangs se kolwers met uitstekende boul werk. Botha het 4 paaltjies geneem vir 46 lopies.

Armand Smit het 81 lopies geslaan, 2 paaltjies en 1 vangskoot geneem.

Botha en Smit is altwee aangewys as speler van die wedstryd.

Volgende wedstryd is volgende naweek teen Vanderbijlpark by Hoërskool Heilbron om 13:00.

Almal welkom om te braai langs die veld en lekker te kuier.



*Op die foto bo vl: Armand Smit, Theuns Botha en Danie Rietchard.*

# Valsrivier Veterane

Tracy Jacobs het die afgelope naweek aan die Valsrivier Veterane Enkels deelgeneem en spog met 'n bronsmedalje.

Die Boerevereniging Challenge skop Donderdag, 22 Februarie af en met 16 spanne wat deelneem beloof dit om 'n strawwe kompetisie te wees.





*Tracy Jacobs*





Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.

Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2026 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 7 FEBRUARIE, | 09:00 | PRETSKIET |
| 14 FEBRUARIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 14 MAART, | 09:00 | SKIETOEFENING |
| 21 MAART, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 11 APRIL, | 09:00 | RIEMLAND OPE PRYSSKIET/SPANSKIET |
| 16 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 6 JUNIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 11 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 15 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 3 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 6 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 19 JANUARIE 2026**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 20 JANUARIE 2026**

uDUMBE Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

**WOENSDAG - 21 JANUARIE 2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

BETHLEHEM Aanlynveiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**DONDERDAG - 22 JANUARIE 2026**

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 23 JANUARIE 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za